Longest Breakfast Table: om die draai!

Rustenburg – Die Waterfall Mall se Longest Breakfast Table is om die draai, en hierdie jaar beloof om weer 'n skitter geleentheid te wees!

Na 'n klein begin in 2007, het hierdie ontbyt 'n jaarlikse tradisie en hoogtepunt geword op die Rustenburg kalender, en vanjaar beoog ons om weer 'n paar rekords te verbeter.

Die doel van die Waterfall Mall Longest Breakfast Table, is om fondse in te samel vir Rustenburg Charities Unite, 'n samevoeging van 'n paar welwillendheidsorganisasies. Organisasies wat hierby baat vind, is CANSA (Cancer Association of SA), FAMSA (Family & Marriage Association of SA), Kindersorg, Future Visions, Spes Bona, Ondersteuningsraad asook die CMR (Christelike Maatskaplike Raad).

Ons borge is oudergewoonte weer baie entoesiasties, en ons wil solank dankie sê aan almal wat gretig inspring om 'n sukses hiervan te maak. Impala Platinum en Old Mutual het ruimlike kontant borgskappe toegestaan, en Foodworx, Pick n Pay, Café Dulce, Ciro, Smith's Dairy, Snappy Juices en Bubbles Plastic verleen hulp met betrekking tot produkte en dienste. Corricraft en Origan het ook kontant geborg, en Grey Corp sorg vir die drukwerk.

Ons skole is ook weer aan boord, met Selly Park Secondary, Zinniaville Secondary en Fields College se leerlinge wat hul lywe kelner gaan gou. Hierdie jaar is ons ook dankbaar vir Laerskool Protea Park, Laerskool Vastrap en Laerskool Rustenburg wat vir die dekor sorg.

Indien jy nog nie 'n kaartjie gekoop het nie, maak 'n draai by die Waterfall Mall. Kaartjies is te koop by die Info toonbank, en oor naweke in die Food Isle.

Onthou om ook 18 Oktober 8h00 in jou dagboek aan te teken, sodat jy nie hierdie jaar se hoogtepunt op die Rustenburg kalender misloop nie.

Vir verdere inligting, of om betrokke te raak, skakel gerus vir Karlien by 083 632 0123.

Waar?	**Waterfall Mall**
Wanneer?	**18 Oktober 2011**
Tyd?	**08h00**
Prys?	**R85 per persoon (sluit ontbyt in)**
Styl?	**Awesomeness!**

Oppieplaas Musiekfees 2011

28-29-30 Oktober 2011

Waar? Plot 23, Waterglen, skuins oorkant die Kasteel, ou Jhb pad (R24)

Rustenburg!

Hier kom 'n ding!!

PROGRAM Vrydag, 28 Oktober 2011
Feesterrein open 10h00

Kunstenaars wat optree: Freddi Nest, Gerhard Steyn, Snotkop, Tilla Enslin, Nico Booyse, JC Snyman, Riaan Ungerer, Pieter Naude asook Armand Die Singende Coyboy & Perd

PROGRAM Saterdag, 29 Oktober 2011
Feesterrein open 10h00

Kunstenaars wat optree: Freddi Nest, Andre Nel, Andre G, Taulsen en natuurlik **KLIPWERF!**

'n Heerlike ontbyt sal by die Milineiza, Rustenburg Squar Spar genuttig word, so as jy 'n handtekening wil hê... jy weet waar om te eet Saterdag oggend!

Ons bied ook ABI Karaoke Kampioenskappe aan vanaf 13h00-16h00. SKRYF IN!!!
Daar is GROOT kontant pryse om te wen!

PPROGRAM Sondag, 30 Oktober 2011
Feesterrein open 10h00

Kunstenaars wat optree: Dixie Hillbillys, Mario Boffa, Marnet Marnet, asook Raymond Ray.

Ons bied ook 'n Potjiekos Kompetisie aan!

Beste Potjie: R2000!

Die beoordelaars van die potjiekos is nog 'n verrassing!

Stalletjies vir die Naweek!

Jy kan 'n stalletjie vir die hele naweek huur teen slegs **R1500!**
Dit sluit ook 2 kaartjies in.
Daar sal ook 'n prys wees vir die beste stalletjie...
Beste Stalletjie: **R3000!**
Waarvoor wag jy?
Bel ons, dan reël ons alles in 'n japtrap!

Kaartjies beskikbaar by Oppieplaas of kontak gerus vir Jolene op 072 619 7000
Enige verdere navrae: Kontak graag die Fees Organiseerder Steve by 084 986 1810

TOEGANG: Vrydag/ Saterdag

Volwassenes:	**R130 per dag**
Kinders:	**R80 per dag**
Kinders onder 12j:	**Gratis**

Sondag
Alle kaartjies teen **R50** (ongeag ouderdom)

Hele Naweek-Pass
Vrydag, Saterdag EN Sondag Toegang

Volwassenes:	**R250 p/naweek**
Kinders bo 12:	**R200 p/naweek**

Enjoy Responsibly. Alcohol not for Sale to Persons Under the Age of 18.